higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MULTIDISSIPLINÊRE TEKENKANTOORPRAKTYK

TEGNIESE ILLUSTRASIES

(8090235)

15 November 2019 (X- Vraestel)
09:00–13:00

BENODIGDHEDE: **A4-tekenpapier**
A4-natrekpapier
Gafiekpapier

Hierdie vraestel bestaan uit 3 bladsye en 3 diagramblaaie.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MULTIDISSIPLINêRE TEKENKANTOORPRAKTYK
TEGNIESE ILLUSTRASIES
TYD: 4 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs EEN kant van die TEKENPAPIER.
5. Beantwoord VRAAG 1 in die ANTWOORDBOEK. Beantwoord ALLE ander vrae op die tekenpapier.
6. Doen ALLE tekenwerk, insluitend die kandidaat se inligting, in potlood.
7. Toon ALLE konstruksielyne.
8. Punte word toegeken vir netheid en akkuraatheid.
9. 'n Gebalanseerde uitleg is baie belangrik en candidate sal gepenaliseer word vir swak beplanning.
10. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TEGNIESE ILLUSTRASIES

1.1 Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Tegniese illustrasies beskryf en verduidelik gewoonlik die onderwerp vir 'n nietegniese gehoor. Die (1.1.1) ... en (1.1.2) ... van die visuele beeld moet dus akkuraat wees en die beeld moet 'n geheelindruk van die voorwerp se funksionaliteit gee om die kyker se (1.1.3) ... te verbeter. (3 × 1) (3)

1.2 Noem DRIE kommunikasiekategorieë van tegniese illustrasies. (3)

[6]

VRAAG 2: TWEEPUNTPERSPEKTIEF

DIAGRAMBLAD 1 (aangeheg) toon die boaansig en afmetings van 'n model. ALLE afmetings is in millimeter gegee. Die oog is 120 mm voor die PP en 90 mm bokant die GL. Die model lê op die GL met sy intreerand ('leading edge') A 30 mm na regs.

Teken die model met sye wat teen 'n hoek van 45º regs van die CV verdwyn. Sluit 'n titelbalk in met u studentenommer, sentrumnommer, die skaal, datum en vraagnommer. **[16]**

VRAAG 3: SKUINS PERSPEKTIEF

DIAGRAMBLAD 2 (aangeheg) toon die afmetings van 'n voorwerp met stygende vlakke. ALLE afmetings is in millimeter gegee. Die oog is 130 mm voor die PP en 100 mm bokant die GL. Punt A is 30 mm regs van die CV (a1).

Konstrueer die voorwerp in tweepuntperspektief met verhewe en laer verdwynpunte. Sluit 'n titelbalk in met u studentenommer, sentrumnommer, die skaal, datum en vraagnommer. **[22]**

VRAAG 4: KONSTRUKSIE VAN BUITEVLAKHOEKE ('OFF-PLANE ANGLES')


DIAGRAMBLAD 3 (aangeheg) toon die uitskuifaansig en afmetings van 'n samestel.


Teken die model volgens 'n skaal van 2 roostereenhede:10 mm op die grafiekpapier wat verskaf is. Omlyn die voorwerp met 'n lyn wat 0,5 mm dik is. MOENIE die afmetings op die finale illustrasie toon nie. Sluit 'n titelbalk in met u studentenommer, sentrumnommer, die skaal, datum en vraagnommer. **[56]**


TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

DIAGRAMBLAD 1










DIAGRAMBLAD 2








DIAGRAMBLAD 3





ALL MEASUREMENTS IN GRID UNITS